



eduresourceza.com



NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2015

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 2½ uur

100 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die bepunting van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende interpretasies mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

AFDELING A LETTERKUNDE**ONDERWÊRELD** – Fanie Viljoen**VRAAG 1**

- 1.1 1.1.1 Lawson Kollege (1)
- 1.1.2 Hy het negatief/ongelukkig/nie lus gevoel nie ('n negatiewe emosie) (1)
- 1.1.3 Hy het nie 'n goeie verhouding met sy pa gehad nie.
Daar was spanning tussen hom en sy pa.
Sy pa het hom altyd ondervra.
Hy het 'n beter verhouding met sy ma gehad.
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)
- 1.1.4 Sy pa het baie druk op hom geplaas in terme van sy akademiese prestasies.
Sy pa het druk op hom geplaas as leier van die skool.
Sy pa het baie van hom verwag in terme van sport.
Sy pa het hom nie ondersteun nie.
Sy pa het hom nie ondersteun in sy konflik met Dok Pienaar nie.
(*Enige DRIE toepaslike antwoorde*) (3)
- 1.2 1.2.1 Greg wou gehad het dat hulle (Dok Pienaar en die skool) na Eckardt moes gaan soek.
Greg het geweier om rugby te speel.
Greg het gedink dat Dok Pienaar 'n aandeel in Eckardt se verdwyning gehad het.
Greg het Dok Pienaar se aandeel in die virus-plan ontbloot.
(*Enige DRIE*) (3)
- 1.2.2 Die skool wou hulle reputasie/naam beskerm. (1)
- 1.2.3 Hy het geweier om rugby te speel/Greg wou die rugbyspelers oorreed om nie te speel nie.
Hy het Dok Pienaar oor Eckardt se verdwyning gekonfronteer.
Greg het die media per e-pos laat weet.
(*Enige TWEE*) (2)
- 1.2.4 Eckardt se ouers het hom kom haal.
Eckardt het weggeloop.
Eckardt het selfmoord gepleeg.
Eckardt het uit sy eie verdwyn om sy plan uit te voer.
(*Enige DRIE*) (3)

[15]

VRAAG 2**2.1**

- Eckardt het baie inligting oor Greg uitgevind voordat hy arriveer het/Eckardt het weerloos voorgekom.
Eckardt het Greg se emosies rakende sy broer manipuleer.
Eckardt het Greg se weerloosheid rakende sy broer uitgebuit.
Eckardt het Greg se belangstelling in rekenaars gebruik.
(*Enige TWEE*) (2)
- Greg het nie meer voldoende tyd aan sy studies bestee nie en sy punte het gedaal.
Greg het nie meer sy pligte nagekom nie en ander leerders moes dit namens hom doen.
Hy het nie sy dienste verrig nie en hy moes ander leerders vra om sy pligte te doen.
Hy het nie die kerkdiens bygewoon nie en hy moes ander leerders vra om sy pligte te doen.
(*Een punt word toegeken vir die verwysing na die aspek en 'n tweede punt vir die wyse waarop dit beïnvloed is.*) (4)
- Hy het gedink dat Nicole van Eckardt gehou het of dat hy in haar belangstel.
Hy het gevoel dat sy na Eckardt op die strand gekyk het.
Greg het Eckardt buite Nicole se kamer betrap.
Eckardt het beter as Greg met Greg se pa kommunikeer.
(*Enige TWEE*) (2)
- Eckardt wou wraak neem oor sy pa se dood/verdwying. (1)

- 2.2 Die polisie het Greg se telefoonnommer/kontakbesonderhede op Eckardt se telefoon gevind.
Dit was belangrik, want dit was 'n aanduiding dat Greg moontlik by die verdwyning betrokke was. (2)

- 2.3 Die komplot rakende die virus is ontbloeit en derhalwe is baie mense se lewens gered.
Die waarheid rakende Greg se pa en Dok Pienaar se betrokkenheid by die regter se dood is ontbloeit. (2)

- 2.4 Spanningsverhaal
'n Verwysing moet gegee word waar spanning of intrige duidelik is, bv: 'n Mens wonder wat gaan gebeur. (2)

[15]

VRAAG 3

Punte word nie afgetrek vir foutiewe taal nie. Indien taalfoute egter die betekenis van die antwoord beïnvloed, moet geen punt toegeken word nie.

Indien die eerste deel van die vraag verkeerd beantwoord is, word daar steeds 'n punt toegeken vir die tweede deel van die vraag indien dit korrek is.

- 3.1 Eckardt het in sy matriekjaar by die skool begin./Dit was moeilik om by die skool in te kom. (1)
- 3.2 Greg – G4ce ; Eckardt – Ekko (2)
- 3.3 Tom/die terreinbestuurder. Hy het Eckardt toegang tot die rekenaarkamer gegee. (2)
- 3.4 Ek het nie genoeg bewyse gehad nie/Ek sou myself inkrimineer rakende die kuberkraking. (1)
- 3.5 Hy het die virus gemaak/vervaardig. (1)
- 3.6 Eckardt het my daarvan vertel. (1)
- 3.7 My pa moes die inligting rakende die virus deur die media versprei. (1)
- 3.8 Hy wou finansieel daarby baat vind/vir die geld/sy besigheid was besig om te faal. (1)

[10]

VRAAG 4**Inhoud** Maksimum van 310 woorde**1. Greg en Eckardt se pa's as gesagsfigure**

- Eckardt se pa het omkoopgeld aanvaar.
- Eckardt het 'n wrok gekoester.
Hy het besluit om wraak te neem. Hy het kriminele dade begin pleeg.
- Eckardt se pa het hom bedink en wou van plan verander.
- Greg se pa het te veel druk op sy kinders geplaas/bedrog gepleeg.
Onsimpatiek opgetree tydens John se selfmoord.
Greg se ma verwaarloos.
Beplan om 'n dodelike virus te versprei/geld nagejaag.
Krimineel opgetree.
(Enige VIER)

(7)

2. Gesagsfigure by die skool

- Dok Pienaar was die hoof.
- Dok Pienaar het bedrog gepleeg.
Hy het 'n virus laat ontwikkel wat mense sou laat sterf.
Hy het die regter laat verdwyn.
Hy het gesorg dat daar nie na Eckardt gesoek is nie.
Hy het Greg onregverdig behandel.
Hy het geld nagejaag.

(4)

3. Greg as gesagsfiguur

- Greg moes die leerders wakker maak.
Greg moes sorg dat leerders hulle gedra tydens slaaptyd.
Greg moes sorg dat leerders die reëls nakom.
Greg moes leiding neem tydens die ontgroening.
Greg moes toesig hou tydens die kerkdiens. Greg moes 'n goeie voorbeeld stel.
- Nee, hy het die reëls oortree.
Ander leerders moes sy werk vir hom doen.

OF

- Ja, hy het die komplot ontbloot/Hy het alles in sy vermoë gedoen om sy 'vriend' op te spoor/Hy het 'genade' getoon tydens die ontgroening.
Hy het standpunt ingeneem vir iets waarin hy geglo het.
(Punt word vir die rede toegeken. Die 'nee'/'ja' begrip moet wel voorkom.)

(5)

Taal en struktuur**Die 4 punte vir *Assessering* word volgens die TAAL EN STRUKTUUR (4) toegeken.**

	TAAL EN STRUKTUUR (4) Struktuur, logiese vloei van aanbieding. Taal, toon en styl gebruik in opstel.
4 punte	Samehangende teks geproduseer. Uitstekende antwoord. Uiters geskikte inleiding en samevatting. Argumente goed gestruktureer en duidelik ontwikkel. Taal, toon en styl is goed aangewend, indrukwekkend, korrek.
3 punte	Duidelike struktuur en logiese vloei van gedagtes. Inleiding en samevatting is bogemiddeld. Vloei van gedagtes kan gevolg word. Taal, toon en styl korrek.
2 punte	Beplanning in die struktuur toon tekens van foute. Inleiding en/of samevatting is nie heeltemal geskik nie. Argumente nie logies nie. Paragrafering foutief. Taalfoute teenwoordig. Toon en styl nie geskik vir die doel van akademiese skryfwerk nie.
1 – 0 punte	Moeilik om te bepaal of vraag beantwoord is. Geen bewys van beplande struktuur of logiese uiteensetting nie. Geen paragrafering of samehang nie. Swak taal. Foutiewe styl en toon.

(4)

[20]

60 punte

WILLEM POPROK – Derick van der Walt**VRAAG 5**

5.1	Kolom A	Kolom B
	Willem het niemand vertel dat ...	Rede waarom hy niemand vertel het nie.
	1. hy nie rugby wou speel nie.	1. Hy was bang vir sy pa/wou nie sy pa teleurstel nie.
	2. Franna gerook het nie.	2. Hy was bang dat Franna hom sou seermaak.
	3. hy Franna se tydskrifte weggesteek het nie.	3. Hy was bang dat Franna hom sou seermaak.
	4. hy sleg in sy toetse gedoen het nie.	4. Hy was bang dat sy ouers kwaad sou word.
	5. hy 'n brief oor sy punte van die skool ontvang het nie.	5. Hy was bang dat sy ouers kwaad sou word.

(6)

5.2 5.2.1 Marietjie (1)

5.2.2 Marietjie het die berig uit die koerant geknip. 'n Vakansie na die Okavango/'n Vakansie (2)

5.2.3 Pa was 'n steunpilaar in die gemeenskap.
 Pa was passievol oor sy land.
 Pa was 'n goeie rugbyspeler.
 Pa was 'n goeie sakeman.
 Pa het na sy gesin omgesien.
 Pa maak goeie wors.
 Pa het die rugbyreëls baie goed geken.

(3)

5.2.4 Pa het die verkeerde grassnyer gekoop.
 Pa was nie baie snaaks nie.
 Pa trek vir Coenie voor.
 Pa het slegte kleresmaak.
 Pa was nie modieus nie.
 Pa het hulle forseer om rugby te speel.

(3)

[15]

VRAAG 6

6.1

- Franna.
- Hy het Willem oor die poprok gespot.
Hy het gedreig om hom te slaan oor die tydskrifte.
Hy het hom afgedreig oor die rugby.
Hy het Willem in die moeilikheid laat beland oor Lydia se vloekwoorde.
- Coenie hoef nie rugby te gespeel het nie.
Lydia het heerlik saam met Franna gespeel.
Franna het altyd nuwe rugbystewels gekry.
Coenie het maklik nuwe brille gekry. Willem moes hulle ou klere dra.
Coenie het in die rondawel gebly.
(*Enige TWEE*)
- Willem het vir Lydia se pop 'n rokkie gekoop.
Franna het gesien dat Willem die poprok gekoop het.
- Willem het 'n plan gemaak sodat sy pa 'n tatoeëermerk kon kry.
Willem het Ansie in die kamertjie toegesluit.
- (*Enige aanduiding van 'n positiewe verandering*)
Hulle het mekaar respekteer.
Hulle het dinge saam gedoen.
Hulle het vriendeliker met mekaar gepraat. (9)

6.2 Prikkel-tydskrif/Brief oor sy Wiskunde (2)

6.3 Hy het met haar gaan stap.
Hy het probeer om vir haar 'n verjaarsdagpartytjie te reël.
Hy het graag vir haar gelees.
Hy het vir haar 'n present gekoop.
(*Enige TWEE*) (2)

6.4 Komedie
'n Verwysing na die snaakse/humoristiese elemente in die verhaal of geïllustreer
met 'n snaakse of humoristiese verwysing. (2)

[15]

VRAAG 7

Punte word nie afgetrek vir foutiewe taal nie. Indien taalfoute egter die betekenis van die antwoord beïnvloed, moet geen punt toegeken word nie.

Indien die eerste deel van die vraag verkeerd beantwoord is, word daar steeds 'n punt toegeken vir die tweede deel van die vraag indien dit korrek is.

- 7.1 Dit was by my pa se slaghuis/die Blou Bul-slaghuis. Saterdag teen toemaaktyd. (2)
- 7.2 'n Geweer/Pistool (1)
- 7.3 Franna wou terugveg/hy het kwaad geword. Die rowers het geskiet. (2)
- 7.4 My pa het voor ons ingespring. (1)
- 7.5 Coenie (1)
- 7.6 Hy het sy been gebreek. (1)
- 7.7 Hy kon nie slaap nie.
Hy was kortaf.
Hy het onrustig/ongemaklik voorgekom.
Hy het in sy slaap geskree.
Hy het nie vir Willem geklap/geboelie nie.
Hy het nie gekla oor sy broer Coenie se beueloefeninge nie.
(Enige EEN) (1)
- 7.8 Ons het met die dominee/skoolsielkundige/mev. Bekker gaan gesels. (1)
- [10]**

VRAAG 8**1. Willem se pa as rolmodel**

- Die ander inskrywings was meer merkwaardige persone. Bv. 'n menseregte advokaat/in 'n rolstoel/blind (of 'n uiteensetting van waarom hulle beter was). 'n Verduideliking van die kontras kan twee punte verdien.
Pa was nie 'n menseregte advokaat nie/Pa was nie in 'n rolstoel of blind nie (of 'n uiteensetting was wys dat die ander kandidate meer merkwaardig was).
(*'n Verduideliking van die kontras kan drie punte verdien*)
- Hy het 'n suksesvolle besigheid bestuur.
Hy het wel goed rugby gespeel.
Hy het na sy gesin omgesien.
Hy het by sy woord gehou. (tatoeëermerk)
Hy het baie hard gewerk.
Hy het na sy vriende omgesien. (Ravi)
Hy het sy seuns se lewens gered.
(*Enige vier*)

(7)

2. Rolmodelle by die hoërskool

Juffrou Blom het Willem advies gegee rakende die rugby.
Sy was 'n goeie rugbyafrigter.
Sy was 'n streng onderwyseres.
Sy was 'n vrou in die tradisionele manlike rol.
Sy het Willem bemoedig rakende sy kuns.
Sy was veelsydig.
Sy was baie kundig rakende kuns.
Sy was passievol rakende die rugby en kuns.
Sy het Willem op die bank (as reserwe) geakkommodeer.
Sy het haar drome nagevolg.
Sy het Willem verstaan/goeie raad gegee.
(*Enige vier*)

(4)

3. Willem as rolmodel

- (*Wye response kan ontlok word*)
Hy was lief vir sy familie.
Hy het 'n plan met die swak prestasie in Wiskunde gemaak.
Hy wou nie sy ouers teleurgestel het nie.
Hy het goed na sy sussie omgesien.
Hy het sy probleme konfronteer.
Hy het sy ouers respekteer.
Hy het 'n goeie hart gehad.
Hy het sy oupa gerespekteer.
(ens.)
- (*Wye response kan ontlok word*)
Hy het vir sy ouers gejok.
Hy het Pietie Palworthy sleg behandel.
Hy het items in sy kamer weggesteek.
Hy was gedurig in konflik met Franna.
(*Enige een*)

(5)

Taal en struktuur**Die 4 punte vir *Assessering* word volgens die TAAL EN STRUKTUUR (4) toegeken.**

	TAAL EN STRUKTUUR (4) Struktuur, logiese vloei van aanbieding. Taal, toon en styl gebruik in opstel.
4 punte	Samehangende teks geproduseer. Uitstekende antwoord. Uiters geskikte inleiding en samevatting. Argumente goed gestruktureer en duidelik ontwikkel. Taal, toon en styl volwasse aangewend, indrukwekkend, korrek.
3½ punte	Opstel goed gestruktureer. Inleiding en samevatting is geskik. Argumente en gedagtes maklik om te volg. Taal, toon en styl korrek en gepas vir doel. Goeie aanbieding.
3 punte	Duidelike struktuur en logiese vloei van gedagtes. Inleiding en samevatting is voldoende. Vloei van gedagtes kan gevolg word. Taal, toon en styl korrek.
2½ punte	Bewys van struktuur. Inleiding en samevatting kom voor. Opstel toon 'n gebrek aan goed gestruktureerde vloei van gedagtes en samehang. Taalfoute min, toon en styl hoofsaaklik geskik. Paragrafering meestal korrek.
2 punte	Beplanning in die struktuur toon tekens van foute. Inleiding en/of samevatting is nie geskik nie. Argumente nie logies nie. Paragrafering foutief. Taalfoute teenwoordig. Toon en styl nie geskik vir die doel van akademiese skryfwerk nie.
1½ punte	Swak aanbieding en gebrek aan beplande struktuur belemmer die vloei van gedagtes. Inleiding en/of samevatting ontbreek. Taalfoute en foutiewe styl maak dit grootliks 'n onsuksesvolle skryfstuk.
0 – 1 punte	Moeilik om te bepaal of vraag beantwoord is. Geen bewys van beplande struktuur of logiese uiteensetting nie. Geen paragrafering of samehang nie. Swak taal. Foutiewe styl en toon.

[20]**60 punte**

VRAAG 9

E-POS

Formaat:

Die formaat word nie bepunt nie alhoewel die e-posformaat verwag word.

Taal

Taal moet aanpas by die doel, teikengroep en konteks.

Inhoud

Is die trant duidelik ten opsigte van die riglyne wat gegee is?

Word interessante inligting gegee?/Is e-pos saaklik en onderhoudend?

[30]

VRAAG 10

RESENSIE

Formaat:

Geen voorgeskrewe formaat.

Inhoud:

- Word daar voldoen aan die riglyne wat gegee word?
- Word die inligting genoegsaam saaklik en in die korrekte trant oorgedra?

[10]

VRAAG 9

RUBRIEK VIR NASIEN

30 PUNTE	KODE 7 Uitmuntend 100 – 80%	KODE 6 Verdiensielik 79 – 70%	KODE 5 Beduidend 69 – 60%	KODE 4 Voldoende 59 – 50%	KODE 3 Matig 49 – 40%	KODE 2 Basies 39 – 30%	KODE 1 Ontoereikend 29 – 0%
INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT 20 PUNTE	20 – 16 - Gespesialiseerde kennis van vereiste van teks. - Gedissiplineerde skryfwerk; behou deurgaans algehele fokus; geen afwykings nie. - Inhoud en idees algeheel samehangend, alle detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n feitlik foutlose, gepaste teks. - Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ uitmuntend.	15½ – 14 - Goeie kennis van vereistes van teks. - Gedissiplineerde skryfwerk; behou fokus; byna geen afwykings nie. - Inhoud en idees samehangend, alle detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n goed saamgestelde, gepaste teks. - Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ verdienstelik.	13½ – 12 - Redelike kennis van vereistes van teks. - Behou fokus, onbenullige afwykings. - Inhoud en idees samehangend. Detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gepaste, goeie teks. - Die meeste van die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ beduidend.	11½ – 10 - Voldoende kennis van vereistes van teks. - Inhoud wyk af van onderwerp, maar dit belemmer nie die oorhoofse betekenis nie. Inhoud en idees voldoende samehangend, sommige van die detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende teks. - Kennis van die nodige reëls vir die formaat is voldoende.	9½ – 8 'n Gemiddelde kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon oppervlakkige fokus. - Wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek vaag. - Inhoud en idees gemiddeld, samehangend, basiese detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gemiddelde/ redelike, verstaanbare teks. - Kennis van die nodige reëls vir die formaat is gemiddeld. Kritiese, nalatige foute is begaan.	7½ – 6 'n Elementêre kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon 'n beperkte fokus. - Inhoud wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek verwarrend. - Inhoud en idees omtrent nie samehangend nie, min detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging gebrekkig, teks nie goed aangebied nie. - Kennis van die nodige reëls vir die formaat is vaag.	5½ – 0 - Geen kennis van vereistes van teks nie. - Inhoud wyk af van onderwerp. Betekenis is plek-plek verwarrend. - Inhoud en idees is nie samehangend nie; te min detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging afwesig/nie gedoen nie. Swak aanbieding van teks. - Geen kennis van die nodige reëls vir die formaat nie.

TAAL, STYL EN REDIGERING 10 PUNTE	10 – 8	7½ – 7	6½ – 6	5½ – 5	4½ – 4	3½ – 3	2½ – 0
	• Teks is grammatikaal akkuraat; sinne goed saamgestel. • Woordeskat is baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. • Styl, toon en register baie toepaslik. • Teks feitlik foutloos na proeflees en redigering. • Lengte is in ooreenstemming met vereistes.	• Teks is grammatikaal akkuraat; sinne goed saamgestel. • Woordeskat is meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. • Styl, toon en register meestal toepaslik. • Teks oorwegend foutloos na proeflees en redigering. • Lengte is in ooreenstemming met vereistes.	• Teks is grammatikaal maklik om te lees; sinne is goed saamgestel. • Woordeskat is toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. • Styl, toon en register oor die algemeen toepaslik. • Teks meestal foutloos na proeflees en redigering. • Lengte is in ooreenstemming met vereistes.	• Teks is voldoende saamgestel ten spyte van foute. • Woordeskat is voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks. • Styl, toon en register voldoende. • Teks het steeds foute na proeflees en redigering. • Lengte is amper korrek.	• Teks is basies saamgestel. Verskeie foute. • Woordeskat is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks. • Styl, toon en register toon gebreke. • Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering. • Lengte is te kort/te lank.	• Teks is swak en moeilik om te volg. • Woordeskat benodig remediëring en is nie geskik vir doel van teks, gehoor en konteks nie. • Styl, toon en register nie geskik vir onderwerp nie. • Teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering. • Lengte is te kort/te lank.	• Teks is swak saamgestel en verwarrend. • Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks nie. • Styl, toon en register pas nie by onderwerp nie. • Opstel is besaai met foute en verward ten spyte van proeflees en redigering. • Lengte is heeltemal te kort/te lank.

VRAAG 10

RUBRIEK VIR NASIEN VAN KORTER STUK:

20 PUNTE	KODE 7 Uitmuntend 100 – 80%	KODE 6 Verdiensielik 79 – 70%	KODE 5: Beduidend 69 – 60%	KODE 4 Voldoende 59 – 50%	KODE 3 Matig 49 – 40%	KODE 2 Basies 39 – 30%	KODE 1 Ontoereikend 29 – 0%
INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT 13 PUNTE	13 – 10½ - Gespesialiseerde kennis van vereistes van teks. - Gedissiplineerde skryfwerk: behou deurgaans algehele fokus, geen afwykings nie. - Inhoud en idees: algeheel samehangend, alle detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n feitlik foutlose, gepaste teks. - Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ uitmuntend.	10 – 9½ - Goeie kennis van vereistes van teks. - Gedissiplineerde skryfwerk: behou fokus, byna geen afwykings nie. - Inhoud en idees: samehangend, alle detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n goed saamgestelde, gepaste teks. - Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ verdienstelik.	9 – 8 - Redelike kennis van vereistes van teks. - Behou fokus, onbenullige afwykings. - Inhoud en idees: samehangend, details ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gepaste, goeie teks. - Meeste van die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ beduidend.	7½ – 6½ - Voldoende kennis van vereistes van teks. - Inhoud wyk af van onderwerp, maar dit belemmer nie die betekenis nie. - Inhoud en idees: voldoende samehangend, sommige van die detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende teks. - Kennis van die nodige reëls vir die formaat is voldoende.	6 – 5½ - Gemiddelde kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon 'n oppervlakkige fokus. - Inhoud wyk af van onderwerp, betekenis is plek-plek vaag. - Inhoud en idees: gemiddeld samehangend; basiese detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging: lei tot 'n gemiddelde/ redelike, verstaanbare teks. - Kennis van die nodige reëls vir die formaat is gemiddeld. Kritiese, nalatige foute is begaan.	5 – 4 - Elementêre kennis van vereistes teks. Respons op geskrewe teks toon 'n beperkte fokus. - Inhoud wyk af van onderwerp, betekenis is plek-plek verwarrend. - Inhoud en idees: min samehangend, min detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging gebrekkig. Teks nie goed aangebied nie. - Kennis van die nodige reëls vir die formaat is vaag.	3½ – 0 - Geen kennis van vereistes van teks nie. - Inhoud wyk af van onderwerp, betekenis is plek-plek verwarrend. - Inhoud en idees: nie samehangend nie, te min detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging nie gedoen nie. Swak aanbieding van teks. - Geen kennis van die nodige reëls vir die formaat nie.

TAAL, STYL EN REDIGERING 7 PUNTE	7 – 6	5½ – 5	4½	4 – 3½	3	2½	2 – 0
	- Teks is grammatikaal akkuraat, sinne goed saamgestel. - Woordeskat is baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. - Styl, toon en register baie toepaslik. - Teks feitlik foutloos na proeflees en redigering. - Lengte is in ooreenstemming met vereistes.	- Teks is grammatikaal akkuraat, sinne goed saamgestel. - Woordeskat is meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. - Styl, toon en register meestal toepaslik. - Teks oorwegend foutloos na proeflees en redigering. - Lengte is in ooreenstemming met vereistes.	- Teks is grammatikaal maklik om te lees, sinne is goed saamgestel. - Woordeskat is toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. - Styl, toon en register oor die algemeen toepaslik. - Teks meestal foutloos na proeflees en redigering. - Lengte is in ooreenstemming met vereistes.	- Teks is voldoende saamgestel ten spyte van foute. - Woordeskat is voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks. - Styl, toon en register voldoende. - Teks het steeds foute na proeflees en redigering. - Lengte is amper korrek.	- Teks is basies saamgestel. Verskeie foute. - Woordeskat is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks. - Styl, toon en register toon gebreke. - Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering. - Lengte is te kort/te lank.	- Teks is swak en moeilik om te volg. - Woordeskat benodig remediëring en is nie geskik vir doel van teks, gehoor en konteks nie. - Styl, toon en register nie geskik vir onderwerp nie. - Teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering. - Lengte is te kort/te lank.	- Teks is swak saamgestel en verwarrend. - Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks. - Styl, toon en register pas nie by onderwerp nie. - Teks is besaai met foute en verwarrend ten spyte van proeflees en redigering. - Lengte is heeltemal te kort/te lank.

40 punte

Totaal: 100 punte